

Marietjie Havenga is op 19 Oktober 1961 in Pretoria gebore. Sy is die tweede oudste van vyf kinders van wyle prof Paul en wyle Lina de Bruyn. Sy matriculeer aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria en verwerf die volgende kwalifikasies by die destydse PU vir CHO: BSc-grad (cum laude) en Hoër Onderwysdiploma (cum laude). In 1986 tree sy in die huwelik met Kobus en drie kinders is uit die huwelik gebore: Roelien, Johan en Ané.

Sy begin haar onderwysloopbaan by die Hoërskool Lichtenburg en daarna by die Hoër Tegniese Skool Pietersburg, Potchefstroom Gimnasium en Hoërskool Brits. Sy het programmeerhandboeke in Delphi en Java vir skole geskryf en was ook interne moderator en eksaminator van graad 12 Rekenaarstudie-vraestelle. Sy voltooi die grade Honneurs BSc (cum laude) in 1989 en MSc (Fisiologie) in 1992. In 2004 word sy as lektor in die Fakulteit Opvoedkunde (Rekenaarwetenskaponderwys) aangestel en voltooi haar PhD-grad (Tegnologie-onderwys) by Unisa in 2008. Sy word tot senior lektor (2010), medeprofessor (2016) en professor (2022) bevorder.

Op voorgraadse vlak is sy vir die opleiding van voornemende Inligtingstegnologie-onderwysers verantwoordelik. In 2009 is sy die medeskrywer van 'n Rekenaarwetenskap-handboek vir voornemende onderwysers in samewerking met kollegas van die NWU en ander universiteite. Verder ontvang sy in 2009 befondsing van die fakulteit om as postdoktorale genoot vir prof Sajaniemi by die Universiteit van Joensuu (Oos-Finland) te besoek. In 2010, 2012 en 2020 ontvang sy die TEA-toekenning vir uitnemendheid in onderrig en 'n VvOL-toekenning vir navorsing (2013–2015).

Op nagraadse vlak doseer sy modules in die honneursprogram en tree op as studieleier en medestudieleier vir meestersgraadstudente, en ook as promotor en medepromotor vir doktorsale studente. Sy het verskeie artikels in geakkrediteerde nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer, asook referate by nasionale en internasionale kongresse aangebied en hoofstukke in akademiese navorsingsboeke gepubliseer. In 2021 was sy die hoofspreekster by 'n VvOL-konferensie van die Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat.

Sy ontwikkel in 2012 saam met 'n kollega 'n sagtewarestelsel vir die fakulteit om werkgeïntegreerde leer te outomatiseer. In 2012 is sy ekstern as professionele natuurwetenskaplike (PrSciNat) gekeur. Sy was voorts in 2012 saam met nasionale en internasionale kollegas by 'n SANPAD-projek van prof Mentz betrokke, en in 2016 was sy 'n deelnemer aan die Nasionale Navorsingstiging-projek (NNS-projek) van prof De Beer. In 2018 ontvang sy 'n navorsingstoekenning van ongeveer R450 000 van die NNS vir die projek in ingenieurswese-onderwys. Sy besoek prof Dahms (UNESCO-leerstoel: probleemgebaseerde leer) in Denemarke (2018) en hulle werk ook saam aan bogenoemde projek. In 2019 ontvang sy 'n C2-gradering van die NNS. Sy is vervolgens aangewys as lid van die Internasionale Loodskomitee vir Projekbenaderings in Ingenieursonderwys (2019).

Gedurende haar navorsingsloopbaan het sy as eksterne moderator van voorgraadse en nagraadse kwalifikasies van verskeie universiteite opgetree en as eksterne keurder van verskeie artikels vir geakkrediteerde akademiese tydskrifte. Oor die jare heen dien sy op verskeie komitees, waaronder die meestersgraad- en doktorsale komitee, komitee vir werkgeïntegreerde leer, die etiekkomitee, die uitvoerende komitee van die Eenheid vir Selfgerigte Leer, asook die wetenskapkomitee van die Eenheid vir Selfgerigte Leer, en neem ook by verskeie geleenthede as vakvoorsitter waar.